HOËR MEISIESKOOL
BLOEMHOF
Waar die toekoms gebeur

Kochstraat, Stellenbosch, 7600
Posbus 188, Stellenbosch, 7599
Tel 021 887 3044
Faks 021 887 3067

admin@bloemhofschool.co.za
www.bloemhofschool.co.za

SKOOL- EN VAKGELD 2018

Tydens die Algemene Jaarvergadering gehou op 19 Oktober 2017 is 'n resolusie, deur die meerderheid van die ouers teenwoordig, vir die verpligte skoolfonds vir 2018 aanvaar. Die skoolgeld sal R28 300-00 per leerder beloop.

BEPALINGS EN VOORWAARDES

- Beide ouers/voogde wat die aansoekvorm onderteken, is verantwoordelik vir die betaling van die skool- en vakgeld.
- Die skoolgeld van R28 300-00 is eenmalig vooruitbetaalbaar voor 15 Februarie 2018. Daar sal wel grasie verleen word vir die afbetaling van hierdie bedrag (sien onderstaande tabelle).
- Ingevolge Afdeling 39 van die Suid-Afrikaanse Skolewet mag hulpbehoewende ouers aansoek doen om subsidie vir skoolgeld. Subsidies sal volgens 'n goedgekeurde glyskaal toegeken word. Hierdie vorm sal aan die **begin van die skooljaar** by die betaalkantoor beskikbaar wees. Aansoeke moet ons nie later as 31 Maart 2018 bereik nie.
- Indien die verpligte skoolgeld nie betaal word soos ooreengekom nie, mag die skool ingevolge Afdeling 40 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, u geregtelik vervolg, waarvan die koste vir u rekening sal wees.

SKOOLGELD 2018	**MAANDELIKS (10 maande)**	**KWARTAALLIKS**	**JAARLIKS**
Tjeks betaalbaar aan: **Bloemhof Skoolfonds**	R2 830-00	R7 075-00	R28 300-00
ONKOSTE VAN VAKKE WAT DEUR BLOEMHOF GEFASILITEER WORD			
Musiek: Eksterne individuele onderrig (buite-dosente)		Ouer betaal direk aan buite-dosent	Buite-dosent bepaal
Kuns as vak		Ouer betaal direk aan PJ Olivier Kunssentrum	
Ingenieursgrafika en –ontwerp (IGO)		Addisionele koste per jaar aan skool betaalbaar	R2 000 (2018)

BETAALWYSES VIR SKOOL- EN VAKGELD

1. Eenmalige betaling van R26 885-00 voor of op **15 Februarie 2018**. Die **afslag geld nie in geval van kontantdeposito's of –betalings nie**.

2. Betaling per debietorder: 10 maandelikse aftrekkings van R2 830-00 vanaf 2 Februarie 2018 tot 2 November 2018 of 4 kwartaallikse betalings van R7 075-00 per debietorder teen 2 Februarie, 2 April, 2 Julie en 2 Oktober 2018.

3. Maandelikse betaling van R2 830-00 per tjek vanaf 2 Februarie 2018 tot 2 November 2018.

4. Maandelikse elektroniese oorbetaling van R2 830-00 in die tjekrekening van Hoër Meisieskool Bloemhof vanaf 2 Februarie 2018 tot 2 November 2018.

5. Vier kwartaallikse betalings van R7 075-00 per tjek teen 2 Februarie, 2 April, 2 Julie en 2 Oktober 2018.

6. Vier kwartaallikse elektroniese oorbetalings van R7 075-00 teen 2 Februarie, 2 April, 2 Julie en 2 Oktober 2018.

7. Let asseblief daarop dat 'n kontantfooi gelykstaande aan ABSA se kontantfooi gehef sal word op enige skoolgeld wat in kontant betaal word.

Vul asseblief die aangehegte BETAALWYSE dokument in

Bankbesonderhede vir elektroniese oorbetalings:
Bloemhof Skoolfonds, ABSA, Rekeningnommer: 405 915 0105, Takkode 632005
Gebruik asb u dogter se **rekeningnommer** as **verwysing**.
Kontak gerus die betaalkantoor indien u onseker is van die Rekeningnommer.